**SAAMPRAATPAPIER** **11 November 2018**

# Dissipelskap

*NB: hierdie Saam-praat-papier is onafhanklik van dít waaroor Danie Jordaan gepreek het, opgestel.*

***INLEIDING***:

**Ons tema vir 2018 handel oor dissipelskap: "Saam volg ons Christus**". Verskillende aspekte daarvan is deur die jaar belig aan die hand van die "**In die voetspore van Jesus**"- gedagte. Met hierdie Saampraatpapier wil ons weer stilstaan by die bekende Mark 8:34 -38.

*1.* **LEES: Markus 8:34-38**

*2.* **BESPREEK:** wat in die gedeelte spreek tot jou/ raak jou hart aan/het jy vrae oor?

*3.* **LEES** nou eers verse 31- 33 van hoofstuk 8 in die Bybel. **Lees dan die volgende:**

*Jesus vra die dissipels wie dink hulle is HY. Die antwoord is die Messias. Daarom dat Petrus Hom teregwys oor Sy uitsprake van Sy Lyding en Dood; dit pas nie by die Messias om so te praat nie**.** Jesus reageer skerp en noem dit menslike, selfs demoniese denke. Daarna roep **Hy** almal bymekaar en **lê hierdie harde eis voor almal se deur wat belangstel om Hom te volg.** Dit is amper soos stap twee van dissipelskap: Eers was dit 'Volg My', nou is dit 'So volg jy My!'*

*4.* **BEANTWOORD DIE VOLGENDE VRAE IN JUL OMGEEGROEP:**

1. Watter drie aksies vereis Jesus van elkeen wat Hom wil navolg?
2. Wat sou "verloën jouself" beteken? Lees ook Jakobus 4:7-10; Filip 3:7-10
3. Wat sou "neem jou kruis op" beteken? Lees ook Hebreërs 12:1-4, 1 Petr. 4:12-14..

5. **SÊ VIR MEKAAR**:

- Hoe sal die "verloën jouself" en "neem jou kruis op" jou help om die "Volg My"-opdrag beter uit te voer?

6. **STEM JULLE SAAM** met die volgende? "Jesus belowe nie om ons altyd te lei op gerieflike paaie nie, inteendeel Hy praat van swaarkry". Dit laat baie gelowiges terugdeins uit vrees vir gevaar. Lees Ps 23: 3-4, 1 Petrus 5:10

7. **BESPREEK OF DIE VOLGENDE WAAR IS:** ons leef in 'n land met godsdiensvryheid en het eintlik 'n gemaklike en vredevolle situasie waarin ons ons Christenwees kan uitleef (só gemaklik dat dit daartoe kan lei dat ons dink hierdie opdrag -verloën jouself, neem jou kruis op, volg My- is net vir mense wat woon in lande waar hulle a.g.v. hul Christenskap vervolg word); So ons moet die opdrag gehoorsaam in die "goeie" situasie waarin ons ons tans bevind. **Doen ons?**

   **VRAAG**: indien die situasie sou verander, sal ons hierdie opdrag (verloën jouself, neem jou kruis op, volg My) uitvoer as dit skielik van ons gevra word?

8. **BID SAAM:** Dank God dat ons in 'n land woon waar ons openlik Sy kinders mag wees; **BID OOK SAAM** vir die Christene wat in lande woon waar hulle nie openlik hul Christenskap kan uitleef nie.

*Aanvanklik opgestel deur Ds Willie Gouws NG Alberton-Suid (aangepas deur Ds LeonTaiT vir Rietfontein-Suid)*